# Franskraal-naweek 2022

| ROETE: | Platbos, Tafelberg en Stanford's cove na Die stal | DATUM: | 18 -20 Februarie |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Vrydag arriveer 13 stappers by Strandskloof woonwa park net buite Franskraal. Braaivleis vure word aangesteek en, ten spyte van stormwinde, braai en gesels ons lekker om die vuur. Saterdag om 07h45 vertrek 10 stappers na 'n splinternuwe roete wat die klub nog nooit gestap het nie. By Platbos betaal ons permitte en wandel deur die pragtige ou bos wat deur 'n familie hervestig word. Permitgeld word gebruik vir die resourasie van die bos, asook hervestiging van die oorspronklike plantegroei. Ons kom af op 'n hout struktuur met 3 vlakke wat gebruik kan word om die bos se voëls te bestudeer. Ons stap verby vele Wit-stinkhout bome, asook 'n paar bome waarvan die geskatte ouderdom van elk ±1000 jaar is. Volgende kies ons koers na die nabygeleë berg. 'n Stywe, steil klipperige pad neem ons deur 'n fynbos area tot bo-op Tafelberg. Nou ja, dit is beslis nie die "Tafelberg" wat ons almal so goed ken nie! Ons gebruik ons verbeelding en probeer verstaan waarom die omgewing se mense hierdie naam gekies het. Hier geniet ons 'n blaaskans en ietsie te ete, terwyl ons die omgewing bewonder. Die pragtige uitsigte van berg, see, rivier, ons kampeer area ver onder, Lomond-plaas met sy massiewe dam en ook die vars reuk van die veld. Ons stap terug, nou darem bult af! Onder volg ons die pad deur die res van Platbos tot by die motors. Nadat almal in die swembad by die kamp afgekoel het, vertrek ál 13 van ons na Lomond en geniet 'n heerlike "plankie ete". Die middag word weer geswem en gebraai. Vrydag en Saterdag aand het 'n paar van ons in die warm swembad ontspan. Sondag vertrek 11 stappers om 07h45 na Stanford's Cove en stap al kuslangs in die rigting van De Kelders. Ons geniet die seebriesie en die pragtige uitsigte oor die see en rotformasies. Ons stap verby De Kelders en Duiwelsgat in die rigting van die bekende "Stal" grotte. Net bokant die grot geniet ons 'n blaaskans en die kosblikke word uitgehaal. Ons stap rustig terug motors toe. By Franskraal koel ons af met 'n welverdiende draai-roomys van elkeen se keuse. Dankie aan almal wat hierdie kamp bygewoon het - ek en Kobus waardeer julle samewerking. Meters gestyg = 400m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Estelle Smuts | 2022048 | R 10 | 16 | |
| Michael Smuts | 2022057 | R 10 | 16 | |
| Waldemar Smuts | 2022049 | R 10 | 0 | Been operasie |
| Freddie Pohl | 2022060 | R 10 | 16 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 10 | 16 | |
| Niel Visser | 2022006 | R 10 | 16 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 10 | 16 | |
| Lieneke du Toit | 2022074 | R 10 | 16 | |
| Hendrick du Toit | 2022075 | R 10 | 0 | Enkel probleme |
| Koos Stander | 2022078 | R 10 | 16 | |
| Lydia Stander | Nie-lid | R 20 | 8 | Stap net Sondag |
| Kobus Terblanche | 2022011 | R 10 | 16 | |
| Edna Terblanche | 2022010 | R 10 | 16 | |
| Christiaan Smuts | 2022058 | R 10 | 0 | Kamp nie |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 150** | **168** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Eie noodhulp sakkies: Edna en Estelle |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen uit Samlam voorraad |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Edna Terblanche |
|---|---|